

Fatherless in Galilee: 'n Outobiografiese refleksie

Author:

 Andries van Aarde¹
Affiliation:
¹Faculty Theology, University of Pretoria, South Africa

Correspondence to:

Andries van Aarde

Email:

andries.vanaarde@up.ac.za

Postal address:

Private Bag X20, Hatfield 0028, South Africa

Dates:

Received: 12 Apr. 2013

Accepted: 05 June 2013

Published: 05 Sept. 2013

How to cite this article:

 Van Aarde, A., 2013, 'Fatherless in Galilee: 'n Outobiografiese refleksie', *Verbum et Ecclesia* 34(2), Art. #856, 8 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/ve.v34i2.856>
Copyright:

© 2013. The Authors. Licensee: AOSIS OpenJournals. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

Fatherless in Galilee: An autobiographical reflection. The article is a academic, reworked version of a public speech in which the author explains his position expressed in his book *Fatherless in Galilee: Jesus as Child of God*, published in 2001 and which has created ecclesiastical dispute with regard to confessional affirmations about the virginal conception of Jesus, his resurrection from the dead and his ascension to heaven. The article discusses the circumstances which led to the writing of the book, the exegetical and theological insights which influenced the author and the continuing relevance of historical Jesus research. The article is written in the genre of autobiographical biblical criticism.

Proloog

Hierdie artikel dien 'n spesifieke belang. In die eerste plek word dit opgedra aan 'n gewaardeerde kollega, prof. J.H. le Roux, wat in 2012 as Ou-Testamentikus aan die Universiteit van Pretoria geëmeriteer het. In die tweede plek het die artikel 'n besondere oorsprong wat historiese waarde het en daarom in publikasie wyer bekend gestel behoort te word. Dit het naamlik gedien as 'n openbare lesing aan die Universiteit van Pretoria op Hervormingsdag 31 Oktober 2012, gereël deur die Hervormde Teologiese Kollege. In die derde plek het die artikel 'n bepaalde aanloop omdat dit fokus op my boek wat in 2001¹ gepubliseer is en sedertdien, maar veral sedert 2010 in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, openbare dispuut ontlok het en wat van my as outeur teen wil en dank 'n openbare verantwoording eis. Vandaar hierdie openbare lesing. In die vierde plek is hierdie dispuut nie beperk tot die kring van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie, 'n kerk wat in 2012 'n kerkskeuring beleef het. Dit behels 'n dispuut wat vroeër in 2005–2006 in Suid-Afrika in onder andere die Nederduitse Gereformeerde Kerk voorgekom het.² In die vyfde plek het die artikel spesifiek betrekking op die aanklag van leerdwaling waaraan prof. Le Roux tydens hierdie dispuut onderwerp is omdat hy in 'n akademiese artikel, benewens kritiek, ook waarderende opmerkings oor die gemelde boek uitgespreek het.³ Deur hierdie artikel aan Jurie le Roux op te dra, vertrou ek dat die onaangename ervaring waaraan hy blootgestel was hiermee op positiewe wyse afgesluit kan word (kyk na Le Roux 2002:77–98, 2011). Of die dispuut met hierdie openbare lesing (artikel) in my eie denominasionele kring tot 'n einde sal kom en of dit in die toekoms moontlik deel van 'n amptelike klag van dwaalleer teen my persoonlik gaan word, sal die tyd nog leer.⁴ Hierdie artikel, ofte wel die openbare lesing, bestaan uit die volgende

1. Andries G. van Aarde, 2001a, *Fatherless in Galilee: Jesus as Child of God*, Trinity Press Internationnal, Harisburg, PA.

2. Die literatuur in Suid-Afrikaanse koerante en tydskrifte is onoorstigtelik vir die doel van hierdie bydrae. Aan die negatiewe kant, kyk onder andere na König (2009) se *Die evangelie is op die spel: Vind jou weg deur die huidige geloofsdoelhof*, Lux Verbi BM, Kaapstad, en die kritiese resensie daarop deur onder andere Guillaume Smit, 2009, 'Adrio König skop ou stof op in Die evangelie is op die spel', in LitNET, cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=66707, geraadpleeg op 26 Maart 2013; en Jou selfoon; Jou Facebook-profiel. Neels Jackson, 2009, 'Teoloë kap König oor sy nuwe boek', Beeld 18 April 2009, http://jv.news24.com/Beeld/Suid-Afrika/0,,3-975_2498899,00.html, geraadpleeg op 26 Maart 2013; Jackson, N., 2000a, 'Bybelverhale van vaderlose Jesus "nie letterlik waar"', Beeld 06 Oktober 2000, bl. 9. Aan die positiewe kant, kyk onder andere Francois Wessels 2006, 'Kind van 'n enkelma? Andries van Aarde se Jesus', in *Wie was Jesus regtig? Oor die historiese Jesus*, bl. 159–165, Lux Verbi BM, Wellington. Vergelyk verder artikels in Beeld van die godsdiensojoernalis Neels Jackson soos 'Die groot soektoeg na die ware Jesus', Beeld 13 Oktober 2000, bl. 9; 'Op soek na Jesus in 'n boeke-woud', Beeld 22 Maart 2002, bl. 11. Kyk verder Adrio König (2001) se 'Die helfte is my nooit oor Jesus vertel nie: 'n Kyk op die Een wat jou lewe verander', Lux Verbi BM, Wellington en I.J.J. (Sakkie) Spangenberg (2004) se kritiek daarop in sy artikel 'Om oor God te praat: 'n Kritiese oorsig van gesprekke onder Afrikaanssprekende Christene van die gereformeerde tradisie (1998–2003)', *Verbum et Ecclesia* 25(1), 274–293.

3. Kyk na NG Kerk van Transvaal, 2006a, Ring van Pretoria-Oos, 'Bevinding van ondersoekkommissie oor klag teen Prof. Jurie Le Roux', www.kerkweb.org/node/1170, geraadpleeg op 24 Maart 2013; NG Kerk van Transvaal, 2006b, 'Verklaring van die Kuratorium van die NG kerk van Transvaal aan die Algemene Sinode', www.ngkerk.org.za, geraadpleeg op 07 Maart 2013.

4. Buiten uitsprake sedert 2010 deur sekere individue en politieke instellings en dié se mondstukke soos die Herstigte Nasionale Party en die HCM Fourie Stigting, het onder andere veral twee instansies haatspraak na aanleiding van my 2001-boek geïntegreer, te wete die sogenaamde 'steeds Hervormers' en die 'Hervormde Kerkvereniging'. Laasgenoemde het in 'n persverklaring op 02 Maart 2012 onder andere gesê: 'Ons het duidelik hierbo geïllustreer dat prof. Van Aarde elke enkele basiese beginsel en grondslag van die Christelike geloof, volgens sy eie mening en sy eie opinies, ontken het in sy boek' (kyk na steedsHervormers, 2012b, 'Persverklaring uitgereik deur die Hervormde Kerkvereniging op 2 Maart 2012', www.steedsHervormers.co.za, verklarings, geraadpleeg op 26 Maart 2013). Die leiers van die steedsHervormers het in hulle voorbereiding om te 'formaliseer', wat later in 2012 op kerkskeuring sou uitloop, 'onafhanklike' gemeentes gevorm wat 'n soortgenootskaplike 'verbond' met mekaar gesluit het (kyk steedsHervormers, 2013, 'Bond van onafhanklike Hervormde kerke', www.Formaliseringsvergadering-SteedsHervormers.co.za, geraadpleeg op 26 Maart 2013). In hierdie proses het hulle 'n dokument opgestel wat ingelei is met 'n uiteensetting van wat 'n 'historiese aanloop' en 'tydslyn' genoem is. Dit geskied aan die hand van 'n aantal blokkies wat soos 'n organogram lyk (steedsHervormers, 2012a, 'Inligtingstuk 2012: Historiese aanloop', www.Formaliseringsvergadering-SteedsHervormers.co.za, geraadpleeg op 26 Maart 2013). Die eerste twee blokkies verwys na die gebeurte in die Hervormde Kerk in die sestigerjare toe onder andere prof. H.G. van der Westhuizen (toe teologiese student) en prof. A.D. Pont weersin getoon het in prof. A.S. Geysers (en onder andere prof. A. van Selms en dr. Beyers Naudé) se anti-apartheid-oortuigings en pro-ekumeniese sentimente. Hulle het toe probeer om prof. Geysers as ketter te verteken omdat hy volgens hulle nie in Jesus geglo

Read online:


Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

onderafdelings: die aanloop tot die skryf van die bepaalde boek, 'n kort oorsig oor die inhoud van die boek en ten slotte die vraag of die skryf van die boek enige belang gedien het.

Fatherless se begin op 'n servet in 'n motel in Nevada

Die openbare lesing wat ten grondslag van hierdie artikel lê, is as 'n outobiografiese refleksie bedoel.⁵ Net meer as 200 jaar gelede in 1819 is daar vir die eerste keer in die teologie oor die betekenis van 'n biografie besin (kyk na Schleiermacher [1819] [1864] 1997:3, [1826] 1910:520–531). Die vraag was wat die fokus van 'n (outo-)biografie moet wees. Is dit individueel, met die fokus op die persoon, of is dit meer kollektief en sluit dit ander mense rondom die persoon en hulle sosiale, geografiese, politieke, ekonomiese en godsdienstige omstandighede in? Verder verwag 'n mens 'n balans tussen die navorser en sy of haar vooronderstellings en die individu waaroor geskryf word (vgl. Crouter 2005: 21–38; Moxnes 2012:25–30). Dit geld dan ook vir hierdie lesing en vir die persoonlike ervaring met die skryf van die boek *Fatherless in Galilee: Jesus as Child of God*.

Die boek het 'n 'onskuldige' ontstaansgeskiedenis. Die bedoeling was nie om teen die kerk in te gaan nie.⁶ Dit was nie om gelowiges te verwar of ongelowig te maak nie.⁷ Dit was nie

(Footnote 4 continues ...)

het soos die kerk bely nie (kyk na Van Aarde 1992:159–182). Die derde en vierde blokkies verwys op 'n geïntegreerde wyse na die stryd vir en teen Artikel 3 van die ou Kerkwet en my eie rol om te pleit vir inklusiwiteit in plaas van eksklusiwiteit. Hulle verbind die gebeure van die 1960's met die 1980's en 1990's en uiteindelik met die besluite van die Algemene Kerkvergadering en die Buitengewone Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in onderskeidelik in 2010 en 2011 (kyk, CACHEDGERAADPLEEG op 24 Maart 2013). In die kantoor van die Sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, is 'n lêer beskikbaar wat die versameling van kerklike opsigshandeling teen die outeur, A.G. van Aarde, tot en met 2012 in 'n kompilasie saamgevat het.

5. Vir die genre 'outobiografiese Bybelwetenskap', kyk na die werk van Schutte (2005:401–416) wat in Suid-Afrika die eerste Bybelwetenskaplike is wat in sy proefskrif (onder my studieleiding) hieraan aandag gegee het en na aanleiding van sy doktorale studie die artikel "When they, we, and the passive become I": Introducing autobiographical biblical criticism" geskryf het. Vergelyk ook Moore (1995:19–50) se "True confessions and weird obsessions: Autobiographical interventions in literary and biblical studies".

6. Kyk na die verdagmaking in onder andere die persverklaring van die sogenaamde 'Hervormde Kerkvereniging', die sosiale netwerkberigte op die webwerf van die sogenaamde 'steedsHervormers', *Koers* (die mondstuk van die HCM Fourie Stigting) en *Die Afrikaner* (mondstuk van die Herstigte Nasionale Party).

7. Kyk na die persoonlike korrespondensie (Van Aarde 2012a) aan die ouderlinglid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Dave Lizamore (dave.lizamore@gmail.com), vir antwoord aan die kommunikasiehoof van die Hervormde Kerk (SENTIK), dr W.C. van Wyk: Dr Wouter van Wyk se e-pos van 06 Julie 2012 verwys: "Hierdie ekserpe uit notule van Raad van Kerk en Teologie is buite konteks aangehaal. Dit was herhaaldelik in die verlede verduidelik, en die bandopname van geredigeerde harde kopie van notule van gemelde vergadering van Raad van Kerk en Teologie was beskikbaar vir Algemene Kommissie en die Kuratorium vir Teologiese Opleiding. Die so genoemde skerp opmerkings was bedoel om tydens 'n wetenskaplike teologiese gesprek die kompleksiteit van historisiteitsargumentvoering en belydenisvorming te verduidelik. Die gevolg was twee artikels in HTS (een na aanleiding van lesing by Hervormde Teologiese Vereniging spesifiek as gevolg van die betrokke notule van die Raad vir Kerk en Teologie): onderskeidelik oor (1) die maagdelike verwekking en (2) die twee natureleer. So byvoorbeeld: volgens Paulus kan vlees en bloed nie die koninkryk van God erf nie (1 Kor 15:50); hiermee wou ek illustreer dat Paulus nie ongekwalifiseer "ek glo die opstanding van die vlees" (een van die Twaalf Artikels) so kon na sê nie. Eksegetiese kennis oor die onderskeid wat Paulus trek tussen "kata sarka" (=volgens die vlees) en "kata pneuma" (=volgens die gees) sal in ag geneem moet word, ook wat Paulus se uitsprake oor die opstanding van Jesus betref. Verder, wat my uitspraak oor die "seksuele aktiwiteit" ten grondslag van die geboorte van Jesus betref: indien die NGB [Artikels 18 en 19] se aanhaling van Joh 1:13 ("om kind van God te wees nie op grond van die wilbesluit van 'n man nie") nie histories verstaan word teen die agtergrond van die verwerping van die dwaalleer van die Sociniane [en die anti-Trinitariërs] [deur die Protestante se herbevestiging van die] aanvaarding van die pous [Paulus IV in 1555] se dekreet van die maagdelike verwekking op grond van die apokriewe Kindheidsangelie van Jakobus (asook Pseudo-Matteus as apokriewe geskryf) nie, kan ons nie die gebruik van Joh 1:13

om die een of ander ideologie soos 'new age' te propageer nie.⁸ Die boek is nie geskryf met die doel om Jesus se persoonlikheid psigologies te ontleed en die insigte daarvan vandag in berading met mense te gebruik nie.⁹ Die doel van die boek is om in ons voortdurend veranderende tyd die gesig van God in Jesus te herken en te erken. Anders gesê, dit gaan oor God se openbaring in en deur Jesus wat ons bely as Christus, Here en God. Hoe verantwoord ons hierdie geloofsbelofte in die lig van ons huidige wetenskaplike kennis teen die agtergrond van die sosio-ekologiese, politieke en ekonomiese toestand van ons een en twintigste-eeuse wêreld? (vgl. veral my mees resente artikel oor die historiese Jesus, Van Aarde [2013a]).

Die verskyning van *Fatherless in Galilee* in 2001 is die resultaat van vyf jaar se navorsing waartydens ek wetenskaplike artikels gepubliseer het.¹⁰ In 1997 het ek baie siek geword, maar wou my verpligting by die Graduate Theological Union van die Universiteit van California in Berkeley nakom. Die hoofstukindeling van die boek is een oggend in Oktober 1998 in 'n motel in Nevada op 'n servet neergeskryf. My vriend en later universiteitskollega, prof. Piet Geysler, was op daardie tydstip besig om sy doktorsale proefskrif oor die 'nuwe historiese' benadering tot Jesus-studies onder my leiding te skryf. Hy het my databasis as vertrekpunt gebruik (Geysler 1999:79–83). Navorsing oor die historiese Jesus begin wanneer 'n mens 'n massa antieke tekste kronologies orden. Baie Bybelwetenskaplikes het dit sedert 1819 so gedoen en dit gebeur vandag nog.

(Footnote 7 continues ...)

in konteks verstaan nie. Kenners van die Johannese teologie is nie onseker nie oor wat Joh 1:12–13 na alle waarsynlikheid beteken, en dat die evangelis beslis nie die maagdelike verwekking van Jesus in gedagte kon gehad het nie. Verder: wat my uitspraak oor die gesag van die Woord van God betref: ons glo tog nie in die Bybel asof die Bybel in plek van God/Christus funksioneer nie. Ek herhaal, soos ek destyds ook aan my kerklike opsigliggema gesê het: hierdie uitsprake van my is buite konteks gemaal. Wyle dr Johan Steenkamp en huidige APK-domeine, dr J Hendrik Breytenbach, wou destyds op grond van hierdie selfde uitsprake van my 'n klag teen my aanhangig maak. Hulle het in teenwoordigheid van my predikant, ds Johan Delpoort, 'n "broederlike gesprek" met my gehad. Die gesprek is op band geneem. Nadat die konteks en bedoelinge van my uitsprake aan hulle verduidelik was, het hulle besluit dat 'n klag nie nodig is nie. Indien die Algemene Kommissie weer hierdie sake na die oppervlak wil bring om die steedsHervormers se laster 'n billike kans van aandag te gee, is ek bereid om die proses van verantwoording van voor af te begin vir die Kerk wil ek nie 'n verleentheid wees nie. Maar my teologiese intellek sal ek ook nie opoffer nie. Ek vertrou dat die Algemene Kommissie sal Dr Wouter van Wyk bystaan met die hantering van hierdie "skadelike plagsins", sodat dr. Van Wyk nie weer op grond van my eksegeese en teologie in verleentheid is nie.'

8. Kyk na die artikel deur prof. J. Malan (2008a), 'Final preparations to receive the New Age Christ', prof. Johan Malan, Middelburg, South Africa (March 12, 2008), www.discerningtheworld.com/category/2.../andries-van-aarde-prof/, geraadpleeg op 26 Maart 2013. In 'n ander artikel skryf prof. Malan (2008b) in 'Verskyning en optrede van die Antichris': "Die veldtog teen die ware Jesus van die Bybel word wêreldwyd gevoer, ook deur verskeie vooraanstaande Protestantse teoloë wat van fundamentele Bybelse waarhede afvallig geword het. Postmoderne Suid-Afrikaanse teoloë, asook hulle volgelingen, speel 'n groot rol om die Bybelse Jesus te dekonstrueer sodat Suid-Afrika 'n maklike teiken vir die Antichris sal wees. In 'n wye reeks boeke wat onder andere aan teologiese studente voorgeskryf word, word Jesus voorgedra as lid van 'n enkelouergesin en 'n gewone mens wat na bewering buite-egtelik deur 'n sondige man verwek is (dus nie deur die Heilige Gees nie), wat as 'n misdadiger tereggestel is sonder enige heilswaarde wat daaruit voortvloei het, wat nie liggaamlik uit die dood opgestaan het nie, en wat daarna eensydig en verkeerdlik deur sy dissipels tot God verklaar is (vgl. *Fatherless in Galilee* deur A. van Aarde, 2001, in www.bibleguidance.co.za/.../Progressief.htm, geraadpleeg op 26 Maart 2013).

9. Ten spyte van publikasies van internasionale Bybelwetenskaplikes en pastorale sielkundiges wat my Jesus-studies op 'n 'psigologies-hermeneutiese wyse' van toepassing gemaak het, soos onder andere Capps (1992:21–35), 'The desire to be another man's son: The child Jesus as an endangered self', Edinger (2007:138–157), 'Biblical personalities: Moses and Jesus' en Van Os (2012:84–96), 'The problem of writing a psychobiography of Jesus'.

10. Navorsingsartikels wat ten grondslag van *Fatherless in Galilee* lê, is: Van Aarde 1994b:235–251, 1994c:575–596, 1995a: 325–356, 1995b:623–644, 1996a:476–500, 1996b:838–849, 1997a:315–333, 1997b:451–472, 1997c:150–172, 1997d:1138–1161, 1998a:97–119, 1998b:437–470, 1999a:795–826, 1999b:549–571, 2000a:13–16, 2000b:1–19, 2000c:1–21, 2000d:188–201, 2001b:401–417, 2001c:148–171.

Daardie databasis het ek opgestel toe ek 'n jaar (1992–1993) met sabbatsverlof in Minnesota deurgebring het om my boek oor die kultuurgeskiedenis van die wêreld van die Nuwe Testament te voltooi (Van Aarde 1994a). Die belangstelling in die kompleksiteit van die tekste het heelwat vroeër begin toe ek deel was van die subgroep van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika wat die wordingsgeskiedenis van die Evangelies bestudeer het. Die belangstellings in die kultuurgeskiedenis en in die wordingsgeskiedenis van tekste het daartoe gelei dat ek genooi is om lid te word van die Context Group (kultuurgeskiedenis) wat toe deel was van die Westar Institute (waarvan die Jesus Seminar 'n subgroep was). Die Context Group gebruik die insigte van sosiale wetenskappe soos die sielkunde, sosiologie en antropologie om kultuurgebruike in die Bybelse tyd beter te verstaan.¹¹ Die Jesus Seminar het op hulle beurt hierdie insigte met die insigte oor die wordingsgeskiedenis van die tekste in gesprek gebring.¹² Hierdie werk is in die besonder gestimuleer deur die ontdekking en herontdekking van antieke tekste wat eeue lank verlore was. Die Context Group en die Jesus Seminar se paaië het geskei, maar hulle kom nog by die groot jaarlikse gesamentlike konferensie van Bybelwetenskaplikes (Society of Biblical Literature) en teoloë (American Academy of Religion) in die VSA bymekaar (verlede jaar was 10 000 mense in San Francisco teenwoordig). Ek is genooi om vanjaar in November voordragte by albei groepe in Chicago te lewer.¹³

Toe Piet Geysers my in Oktober 1998 besoek het om een van die sessies van die Jesus Seminar persoonlik te ervaar, het ons een naweek die Yosemite Nasionale Park besoek. Ek was siek en Piet het bestuur. Ons het baie gepraat. En Jesus was die onderwerp. Toe ry ons die ingang van Yosemite mis. Aan die Nevada-kant van die Nasionale Park bly ons toe in 'n motel oor. Die volgende oggend by ontbyt sê Piet dat ek 'n boek oor Jesus behoort te skryf. Ek vra: Wat moet ek skryf? Hy sê: Praat, en ek skryf die hoofstukindeling op 'n servet neer. Hierdie indeling het die inhoudsopgawe gebly en die boek is in Berkeley klaar geskryf. 'n Mede-lid van die Context Group, en voormalige president van die Society of Biblical Literature, prof. Carolyn Osiek, het die manuskrip gelees en was beïndruk. Na aanleiding van die film *Sleepless in Seattle* stel sy toe die titel *Fatherless in Galilee* voor. In die lig van die primêre doelwit van die boek is die subtitel 'Jesus as Child of God'. 'n Mede-lid van die Jesus Seminar, prof. Glenna Jackson, en 'n Bybelwetenskaplike van New York, prof. Bruce Chilton, het *Fatherless* vir publikasie by die groot teologiese uitgewery, Trinity Press International, aanbeveel.¹⁴ Die boek is vroeg in 2001 gepubliseer en die eerste oplaag is uitverkoop.

In *Fatherless* verwys ek nie baie na die Jesus Seminar nie. Die Jesus Seminar se belangstelling is hoofsaaklik *histories*

11. Kyk na Esler (2005), 'The Context Group Project: An autobiographical account', pp. 46–61.

12. Kyk na Funk en Hoover (and the Jesus Seminar) ([1993] 1997), *The Five Gospels: The search for the authentic words of Jesus*; Funk (and the Jesus Seminar) (1998), *The acts of Jesus: What did Jesus really do?*

13. Kyk na Van Aarde (2012b), 'The legacy of Rudolf Bultmann: His most influential contribution in the 20th century'; Van Aarde (2013), 'A review – transnationalism: Halvor Moxnes on Jesus studies from Schleiermacher to Habermas'.

14. Van sowel prof. Osiek as prof. Chilton is bekendstellingsbydraes op die flapteks van *Fatherless in Galilee* gepubliseer.

en nie *teologies* nie, hoewel hierdie twee sake nie so maklik in antieke godsdienstige geskifte geskei kan word soos dié in die Bybel nie. Persoonlik is ek self méer van 'n teoloog as 'n historikus. Beide geloof en geskiedenis is egter in my Bybelwetenskap belangrike fasette. Die onderskeid tussen 'geloof' en 'geskiedenis' word in die teologiese wetenskap vir die eerste keer in 1787 met sy professorale intrede oor 'Die regte onderskeid tussen Bybelse en Dogmatiese teologie' duidelik deur Johann Phillip Gabler geformuleer.¹⁵ In die Kerkhervorming is die gesag van die kerk of kerklike tradisie of belydenis van die gesag van die Bybel geskei. So het Gabler 'n wending in Bybelwetenskap veroorsaak deur die Bybel en dogma te skei. Die Bybel is nie net 'n naprater van dogmas nie. Om dogmatiese oortuigings sonder interpretasie net oor en oor te herhaal, is nie Reformatories nie. Aan die ander kant wou die Kerkhervorming nie die kerk en Bybel van mekaar vervreem nie. So wou Gabler ook nie die eksegeese en dogmatiek van mekaar vervreem nie. Sy term 'Bybelse teologie' druk 'n gesonde spanning en indirekte binding tussen die kerklike leer en eksegetiese resultate uit.

Dit alles het al by Martin Luther begin. In 1522 het hy gesê dat eksegeese gesag het wanneer dit 'Christus in die Skrif soek'.¹⁶ Alles wat nie op Jesus Christus se boodskap, naamlik geloof alléén, fokus nie, is van ondergeskikte belang. Ten einde Jesus as die hoofokus van die teologie te behou, skryf Friedrich Schleiermacher in 1819 'n biografie van die historiese Jesus.¹⁷ In 1896 tref Martin Kähler 'n onderskeid tussen die historiese Jesus (Hy wat regtig geleef en gepreek het) en die gepredikte Christus (wat deur die Bybel verkondig word).¹⁸ Vir hom is die tekste in die Nuwe Testament te gekompliseerd om 'n biografie van Jesus te kan skryf. In 1902 kritiseer Albert Schweitzer studies oor Jesus wat onkrities met die komplekse tekste in die Evangelies omgaan.¹⁹ Dit lei daartoe dat die fokus van die historiese Jesus af na die verkondigde Jesus in die Bybel verskuif. In 1926 sê Rudolf Bultmann egter dat alles wat die kerk leer, gebou is daarop *dat (daß)* God in hierdie historiese Jesus God-vir-ons geword het. Die historiese Jesus is vir hom baie belangrik, ook al is dit moeilik om die historisiteit van besonderhede te bepaal. Geloof berus nie op bewyse nie.²⁰

Bultmann se student, Ernst Käsemann, het hom verkeerd verstaan.²¹ Hy het gedink Bultmann sê die historiese Jesus is irrelevant omdat ons historisiteit nie eksak kan beskryf nie en geskiedenis hoogstens eksistensiële kan 'naleef'.²² Vir Käsemann sou wat die kerk leer in die lug bly hang en net 'n

15. Gabler ([1787] 2004), 'An oration on the proper distinction between biblical and dogmatic theology and the specific objectives of each'.

16. Luther ([1522] [1963] 1990), 'Vorrede auf die Episteln S. Jacobi und Judae'.

17. Schleiermacher ([1819] [1864] 1997), *The life of Jesus*.

18. Kähler ([1896] 1969), *Der sogenannte historische Jesus und der geschichtliche, biblische Christus*.

19. Schweitzer ([1906] 1913), *Geschichte der Leben-Jesu-Forschung*; Schweitzer ([1913] 1948), *The psychiatric study of Jesus: Exposition and criticism*.

20. Bultmann ([1926] 1988), *Jesus*; Bultmann ([1951] 1952), 'Das christologische Bekenntnis des Ökumenischen Rates', pp. 246–261; Bultmann ([1960] 1965a), *Das Verhältnis der urchristlichen Christusbotschaft zum historischen Jesus*.

21. Bultmann (1965), 'Antwort an Ernst Käsemann', pp. 190–198; vergelyk Schmithals (1988), 'Nachwort', pp. 149–158.

22. Käsemann ([1954] 1960), 'Das Problem des historischen Jesus', pp. 187–214.

abstrakte ideologie bly as ons nie alles in ons vermoë doen om meer van die historiese Jesus te wete te kom nie. Hierdie kennis is egter nie 'n voorwaarde vir geloof nie. Geloof is genade en word deur God geskenk. Om die geskiedenis te ken en te herleef, help ons wel om geloof in God in konkrete daade om te sit, want die geskiedenis bied vir ons rolmodelle wat dien as 'n 'wolk van getuies'. Van Käsemann se tyd af is die historiese wetenskap benut om kriteria te ontwerp wat met die soeke na Jesus kan help. Hierdie historiese kriteria is oor die jare heen verfyn. Ook die Jesus Seminar het hulle daaraan gewy. En ek het daaraan meegewerk (Van Aarde 2002:419–439, 2003:533–556).

'n Reis deur *Fatherless* se landskap

My navorsing oor Jesus het verskeie kere vasgeloop omdat die inligting te min is. Hieroor was sowel Kähler as Bultmann reg. Die oudste tekste, naamlik die briewe van Paulus, sê min oor Jesus se lewe en sê niks oor sy gelykenisse en wonderwerke nie. Paulus verkondig wel dat Jesus gesterf het en dat sy dood nie die einde van Jesus se betekenis vir die kerk was nie. As opgestane Here is Jesus steeds as God-met-ons by kerk en wêreld betrokke. Vir Paulus was hierdie verkondiging genoeg. Soos reeds gesê, oor die *wat*, die besonderhede van Jesus se lewe, berig Paulus nie veel nie. Maar wanneer dit kom by *hoe* gelowiges moet lewe, sê hy duidelik dat geen menslike onderskeidings vir Jesus belangrik was nie.

Vir my was 2 Korintiërs 5:21 'n sleutelteks om Paulus se verkondiging van Jesus histories te verstaan (Van Aarde 2001a:52–53). Hier skryf Paulus dat God hierdie Jesus wat nie sonde geken het nie, tot sonde gemaak het sodat ons in die regte verhouding met God gestel kan word. My navorsing toon aan dat die uitspraak 'om tot sonde gemaak te word' 'n idiomatiese uitdrukking is om te sê dat kinders in 'n wêreld gebore word waar daar boosheid is. So het Jesus in die tyd en ruimte van mense mens tussen mense geword – as 't ware soos 'n Adam van ouds wat deur sy geboorte en sterwe heen as 'n 'tweede Adam' verhoog is (vgl. ook Van Aarde 2013b). En ons, ook kinders van Adam, het in ons partisipasie aan Jesus, 'nuwe', 'herskape' mense geword (2 Kor 5:17). Op hierdie wyse het ek in my soeke na die historiese Jesus met behulp van Paulus, hoewel hy so min oor Jesus se lewe berig, tog in sy verkondiging van Jesus se geboorte en sterwe 'n vertrekpunt gevind.

Die tweede struikelblok wat histories oorkom moes word, is die verstaan van die oudste evangelie, naamlik Markus. Sy verhaal begin wanneer Jesus reeds 'n volwassene is. Uit die insigte van die psigologie weet ons vandag dat kinderervarings 'n bepalende invloed op iemand se volwasse lewe het. Die kritiese Bybelwetenskap het die geboorteverhale in Matteus en Lukas met versigtigheid benader en wou nie reglynige historiese gevolgtrekkings maak nie (kyk na Van Aarde 2001a:54–58). Matteus, Lukas en Johannes is baie jare na Paulus en Markus geskryf (Van Aarde 2001a:108–114).

In 'n mens se lewe is daar episodes wat histories ondersoek kan word. Daar is ook dinge wat nie op histories-wetenskaplike wyse ondersoek kan word nie, byvoorbeeld wat tussen

God en mens gebeur. In die godsdienswetenskap is die tegniese term 'mite' gebruik om te verwys na tekste oor die interaksie tussen God en mens. Hierdie interaksie val buite die bereik van die alledaagse geskiedskrywing. Die paradys, die hiernamaals, God se verwekking van Jesus, God se opwekking van Jesus uit die dood, Jesus se hemelvaart en Jesus se wederkoms is voorbeelde van sulke tekste wat nie op 'n historiese wyse bestudeer kan word nie. Ander episodes in die lewe van mense kan wel histories ondersoek en analiseer word. Dit geld ook vir Jesus se lewe.

In my navorsing wou ek nie aanvaar dat hierdie historiese beperkings my daarvan weerhou om meer oor Jesus se kinderjare te wete te kom nie. Al wat ek tot my beskikking het, is tekste, insluitende tekste in die vorm van mites, dit wil sê tekste wat getuig van God-mens interaksie. Wat kultuur betref, kan ons ook maar net 'n voorstelling daarvan maak en dit probeer konstrueer. Ons kennis van die antieke kultuur bevestig wel die sentrale rol van familie en spesifiek dié van die vader in die lewens van mense. In die vroegste tekste wat deur Christus-volgelingen geskryf is, is daar egter nie sprake van 'n biologiese vader se rol in Jesus se lewe nie. Latere tekste maak wel van 'n vader melding. Die agtergrond hiervan is dat teenstanders van Jesus neerhalend na Hom as 'n buite-egtelike kind verwys het (Van Aarde 2001a:111, 113–114). In teenstelling hiermee het Jesus se volgelingen weer sy eerbare herkoms beklemtoon. Hulle het bely dat Maria Jesus op grond van God se toedoen gebaar het.

In *Fatherless* wys ek daarop dat daar gerugte in Farisiese kringe die rondte gedoen het wat beweer het dat Jesus se ma deur 'n Romeinse soldaat verkrag is. Ek toon in my boek aan dat hierdie gerugte hoegenaamd geen historiese grond het nie (Van Aarde 2001a:72–73, 111). Ek verklaar hierdie bewerings as deel van die verdagmaking teen Jesus, wat ten doel gehad het om sowel Jesus as sy ma se eerbaarheid aan te tas.

Fatherless wys daarop dat Jesus histories gesien waarskynlik wel as 'n buite-egtelike kind geëtiketteer was. Die etiket 'illegitimiteit' het in die antieke tyd 'n ander betekenis gehad as vandag (Van Aarde 2001a:73–74). In daardie tyd is selfs kinders wat binne 'n huwelik gebore is as buite-egtelik beskou as daardie huwelik volgens hulle reëls ongeoorloof was: byvoorbeeld die huwelik tussen 'n priester en 'n weduwee of 'n geskeide vrou. Ook vondelinge en kinders wat sonder 'n vader grootgeword het, is as buite-egtelike kinders beskou (Van Aarde 2001a:91–92, 131–132). Enige vorm van buite-egtelikheid is in daardie tyd as 'n skande beskou en die moeders van sulke kinders is gestigmatiseer. In die tyd toe die kerk ontstaan het, is Jesus dus as 'n 'illegitieme kind' gesien. Spore van hierdie verdagmaking kan onder andere in Johannes 8:33–41 gesien word.

Fatherless bevat die resultate van navorsing wat toon dat Jesus sonder 'n pa grootgeword het. Die Josef waarna die Nuwe Testament in enkele tekste verwys, het nie 'n rol in Jesus se grootword en volwasse lewe gespeel nie. Hieroor is die Nuwe Testament duidelik. Daar is wel 'n enkele teks wat oor die kind Jesus en sy pa gaan. Toe Jesus 12 jaar oud was, was Jesus saam met Josef en Maria in die tempel en het Hy

slim mense oor God geleer. Hier is kennis van die antieke kultuurgeskiedenis van groot hulp om Lukas se boodskap te verstaan.

Ons kennis van die antieke opvoedkunde wys daarop dat suigelingte teen driejarige ouderdom hulle kinderjare betree het en dat dit tot aan die begin van puberteit geduur het.²³ Teen 12-jarige ouderdom was die meeste kinders se skoling in die Romeinse en Israelse samelewing verby. Antieke skrywers het daarom in hulle vertellings hulle heldefigure so beskryf dat hulle reeds in hulle kinderjare oor die vermoëns beskik het waarvoor hulle later as volwassenes bekend was. Die kwaliteite wat 'n mens normaalweg by kinders sou verwag – speelsheid, onskuld, impulsiwiteit, ongehoorsaamheid – is almal in sulke tekste afwesig en is vervang met kwaliteite wat in volwassenes hoog geag word: wysheid, wasdom, konformisme en beheersheid. Sulke hoedanighede kom algemeen in die kindheidsvertellings oor vereerde persone in die Grieks-Romeins literatuur voor. Dit was ook die geval met die karakterisering van Jesus in die Lukas-evangelie. Hierdie teks is deur 'n Griekse geleerde geskryf. In sy kultuur was daar berigte oor twaalfjarige kinders wat oor 'n besondere volwasse wysheid beskik.

Volgens Lukas is Jesus se wysheid nie deur sy ouers of godsdienstige leiers aan Hom oorgedra nie, maar was dit die produk van die God se teenwoordigheid in sy lewe. Uit sy agtergrond gebruik Lukas met ander woorde hierdie verhaal om te wys hoe Jesus die Seun van God is. Josef en Maria is getuies van Jesus se besondere wysheid en die destydse lesers het verstaan dat Jesus se wysheid nie van sy ouers af kom nie. Josef se teenwoordigheid in die tempel saam met die twaalfjarige Jesus, wat die rabbi's van God se wysheid leer, behoort myns insiens eerder as 'n literêre motief verstaan te word as wat dit biografiese geskiedskrywing sou wees.

My navorsingshipotese is dat die figuur Josef wat in die Ou Testament 'n rolmodel was, 'n literêre motief word in Grieks-Joodse geskifte wat in dieselfde tyd as Matteus, Lukas en Johannes ontstaan het (Van Aarde 2001a:94–98). Die kerkvaders het dit oorgeneem en dit het die bronne vir die opstellers van die belydenisskrifte in die Protestantse kerk geword. In die Katolieke Kerk is ander apokriewe geskifte gebruik waarin Josef 'n ander rol speel (Van Aarde 2001a:114–118).

In die Evangelie van Matteus, die Israeliet, kom die verhaal van die maagdelike verwekking voor. Matteus vergelyk Jesus met Moses. Joods-Rabbynse literatuur bevat tradisies wat hulle oorsprong in Matteus se tyd het. Hierdie tradisies berig dat Moses ook uit 'n maagd gebore is (Moses se ma, Jogebed, se maagdelikheid is deur God wonderbaarlik na Miriam se

23. Wiedemann (1989:51) se bespreking van die model kinderjare van vooraanstaande mans in die antieke tyd begin met die stelling dat hierdie mans 'nie gewone burgers' was nie, maar dat hulle 'abnormale, supermense' was. Talryke inskripsies ken aan kinders 'n wysheid toe wat nie by hulle ouderdom pas nie (kyk na Kleijwegt 1991:126–130). Die ideaal dat alle kinders die karaktertrekke van 'n volwassene sal hê, was prominent in die Mediterreense kultuur en dit het veroorsaak dat kinderkwaliteite selfs in die nie-ellitistiese deel van die samelewing geminag is. Dit was byvoorbeeld nie ongewoon om in graf-ikonografie (Huskinson 1996:80, 1997:237–238) 'n kinderportret op 'n volwasse liggaam te plaas nie. Hierdie kinders, nog te jonk om die grootmenswêreld van hulle ouers te betree, word uitgebeeld as die jong volwassenes wat hulle ouers wou hê hulle moet wees.

geboorte herstel),²⁴ hoewel die Ou Testament niks daarvan sê nie. Josef vervul in Matteus die hoofrol. God verskyn in 'n droom aan Josef. In Lukas speel Maria die hoofrol en die engel kommunikeer met haar en nie met Josef nie.

In die Evangelie van Lukas, die Griek, is Griekse invloede sigbaar. Jesus se geboorte uit die Heilige Gees kan vergelyk word met die wonderbaarlike geboorte van Grieks-Romeinse figure soos Julius Caesar en Caesar se aangenome seun, Augustus, die Romeinse keiser in wie se regeertyd Jesus gebore is.²⁵ 'n Baie bekende verhaal oor 'n maagdelike verwekking in Lukas se tyd is dié van die skrywer Ovidius wat oor die wonderkind Perseus berig (Van Aarde 2001a:162–173).

Selfs al sou Josef 'n werklike persoon gewees het, verander dit niks aan my argument dat Jesus sonder 'n pa grootgeword het nie, want die Josef-figuur verdwyn baie vroeg van die toneel – lank voor Jesus se doop. Om hierdie gaping te vul, het die kerkvader Epifanius (*Panarion* 78.10) in die vierde eeu die teorie gepropageer dat Josef vroeg in Jesus se lewe moes gesterf het (Van Aarde 2001a:115–116). Indien hierdie teorie aanvaar word, soos steeds vandag deur sommige erkende Bybelwetenskaplikes,²⁶ bly dit 'n uitdaging vir die eksegeet om die implikasies van die vaderloosheid van Jesus uit te wys, sodat die konteks en betekenis van Jesus se woorde en dae beter verstaan kan word.

Fatherless probeer gevolglik om Jesus se gelykenisse, genesings en optrede teenoor ongewenste in die samelewing te verklaar teen die agtergrond van Jesus se eie ervaring van vaderloosheid. Jesus as 'n 'nobody' in daardie kultuur verwys na wat Paulus sê: dat Jesus soos 'n slaaf (*nobody*) op vernederende wyse gekruisig is. Volgens Lukas is die kindjie Jesus by geboorte in 'n krip neergelê. Dit is ook nie iets wat met 'n persoon van hoë status sou gebeur het nie. Volgens Markus sê Jesus self dat 'n dissipel moet wees soos 'n kindjie sonder status. Volgens Johannes (8:48) het die Fariseërs Jesus as 'n Samaritaan uitgekryt. Dit was 'n negatiewe etiket om 'n tussen-in mens, 'n baster, te stigmatiseer (Van Aarde 2001a: 90–94).²⁷ Sekere Nuwe-Testamentiese skrywers sluit aan by Psalms wat oor die verhoging van 'n vernederde koning praat. Dit bied vir Paulus en ander Bybelskrywers die taal om oor Jesus se hemelvaart te getuig. Jesus se vernederende geboorte en dood is vir die Nuwe Testament en daarom vir die vroegste Christus-volgelingen nie 'n aanstoot nie.²⁸

24. Kyk na die haggadiese Moses-paasgeskrif, *b. Baba Batra* 120a, en die Midrash Rabbah, *Eks Rab* 1:19, in Allison (1993), *The new Moses: A Matthean typology*, pp. 147–155.

25. Kyk na Miller (2003), *Born divine: The births of Jesus and other sons of God*, pp. 238–239, 319–321.

26. Byvoorbeeld Meier (1991), *A marginal Jew: Rethinking the historical Jesus, Volume One: The roots of the problem and the person*, p. 317; en Verheyden (2011), 'A son in heaven, but no father on earth: A note in the margin of a "Tale of Two Kings"', p. 3 van 6.

27. Kyk na Wysheid van Jesus ben Sirag (50:25–26); Testament van Levi, hoofstuk 7; Mishna Traktaat Masseket Kutim, in Montgomery ([1907] 1968), *The Samaritans*, pp. 154–155; Pummer (1987), *The Samaritans*, p. 3; Coggins (1975), *Samaritans and Jews: The origins of Samaritanism reconsidered*, p. 56.

28. Van Aarde (2012c:2–3): 'Die belydenis dat ons glo in Jesus Christus wat opgevaar het na die hemel, is dus nie natuurwetenskap nie. Die herkoms daarvan kom uit poësie en dit het deel van veral die liturgie van die kerk geword. Die later toegevoegde deel en sit aan die regterhand van God die almagtige Vader is deur invloedryke vroeë kerkvaders as beeldspraak verstaan. Ander kerkvaders wou hierdie belydenis nie letterlik verstaan nie, maar geestelik. Hoe dit ook al sy, metafories en/of geestelik, die lofsang oor Jesus se hemelvaart gaan ver terug en is geleen uit veral koningspsalms soos Psalm 110: 1, Psalm 146: 10 en Psalm 8: 7, maar ook uit Ou-Testamentiese gedeeltes soos 1 Kronieke 28: 5 en Daniël 7: 9–14.'

In *Fatherless* het ek op drie plekke daarop gewys hoe die Nederlandse Geloofsbelijdenis (die Belgiese Konfessie) in Artikels 18 en 19 Jesus se maagdelike verwekking verstaan as 'n belijdenis dat dit die menslikheid, die swakheid, die vernedering van Jesus as God-met-ons beklemtoon (Van Aarde 2001a:101, 115, 200–201). Sonder dat *Fatherless* die Heidelbergse Kategismus by die naam noem, vind ons dieselfde beklemtoning in Vraag-en-Antwoord 35 en 36 (HK, Sondagsafdeling 14). By ander geleenthede het ek verklaar, en ek sê dit weer, dat ek niks weselik in die belijdenisskrifte vind waar die *saak* wat daarin uitgedruk is, nie met wat die Heilige Skrif leer, ooreenkom (*quia*) nie (die Hervormde Kerk se Proponentsondertekeningformulier).

Die kernvraag vir die destydse lesers van sowel die Bybel as die Belydenisskrifte was nie of iets daarin *histories* is en daarom as sodanig geloofwaardig is nie. Só 'n vraag is 'n moderne vraag wat nie by die interpretasie van antieke geskrifte pas nie. Vir die antieke mens was die vraag eerder: Waar vind jy jou God? By 'n koningskind soos Herodes of by 'n koningskind wat uit 'n nederige vrou gebore is? 'n Kind wat die God van Israel as Vader het. Hierdie 'vader' se koninkryk is nie van hierdie wêreld is nie. Hierdie 'vaderkoning' het deernis met huisgenote sonder aansien van persoon. Ten spyte van 'n beskinderde geboorte en ten spyte daarvan dat Jesus in sy lewe nie 'n plek gehad het waar Hy sy kop kon neerlê nie, vind ons in hierdie Jesus vir God. God verlos ons deur met ons in ons nederige menslike toestand bemoeienis te maak. Dit doen God in en deur Jesus Christus. Ons dankbaarheid jeens God word 'n werklikheid in ons etiek van omgee vir alle mense, maar in die besonder vir ander vernederdes. Dit is waar jy jou God vind. Hierdie antwoord is ook vir ons vandag in ons tyd van groot belang.

***Fatherless* en die kerk vandag (is dit alles enigsins belangrik?)**

Die kern van die laaste afdeling is die vraag: Is dit alles enigsins belangrik? My antwoord is ja, want dit is hoe ek grootgeword het in die kerk. In my matriekjaar in 1968 het ons as kerkjeugvereniging na aanleiding van 'n reeks artikels in *Die Hervormer* die verstaan van die Bybel bespreek. In *Die Hervormer* is verduidelik dat die Woord van God gevind word, eerstens, in die verkondiging van Jesus Christus, tweedens, in die Bybel en, derdens, in die prediking. Al drie getuïenisse is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Hierby vind ek myself steeds vandag. Ek het verder die voorreg gehad om saam met akademiese eweknieë by navorsing ten opsigte van Jesus as die Christus en die studie van die Bybel as Heilige Skrif betrokke te kon wees en om gereeld Sondag na Sondag te kon preek. Dit het preke oor kersfees, opstanding, Pinkster, hemelvaart, wederkoms, die Drie-eenheid, wondervertellings en die koninkryk van God ingesluit. In 37 jaar het geen lidmaat, ouderling of gemeente waar ek gepreek het, ooit 'n probleem gehad met my teologie of my geloof wat in my prediking weerklink het nie. Ook het geen student oor die inhoud van my lesings oor 'n tydperk van 33 jaar probleme geopper nie – in elk geval nie met my persoonlik nie.

Hierdie akkoord van drie – die verkondiging van Jesus, die gesag van die Skrif en die krag van die prediking – is in die twintigste eeu deur die teoloog Karl Barth uitgespel as die kern van Reformatoriese Skrifbeskouing. In die negentiende eeu was die teoloog, Friedrich Schleiermacher, die eerste een wat oor die historiese Jesus klas gegee het. By Schleiermacher se begrafnis is oor hom gesê dat hy tot en met sy dood gestudeer (navorsing), geleer (doseerwerk) én gepreek het. Dit is ook my ideaal.

Ek is gevorm in 'n akademiese klimaat wat hierdie Reformatoriese ideaal weerspieël het. Tydens die ses jaar van my Hervormde teologiese opleiding is die kritiese uitleg van die Bybel aan my geleer. Die skripsie in my finale jaar in 1973 het reeds oor die historiese Jesus gegaan en oor saligsprekinge wat waarskynlik deur Jesus self uitgespreek is en oor watter aan die evangelieskrywers toegeskryf kan word. My eerste lesings in 1979 het reeds gegaan oor die evolusionêre ontwikkeling van die evangelies. As dosent in Grieks het ek volgens die voorgeskrewe leerplan studente reeds Grieks uit apokriewe evangelies soos dié van Petrus en uit die Tomas-tradisie geleer. In my eerste voordrag voor 'n predikantevergadering in 1985 het ek reeds daarop gewys dat hierdie kritiese Bybeluitleg die vrug van die sestiende-eeuse Kerkhervorming is. Dit is ons tradisie. Aan die einde van my voltydse dosentskap in 2007 is die HCM Fourie Erepennig vir die bevordering van Bybels-Reformatoriese Teologie deur die Hervormde kerk aan my toegeken – deur die Algemene Kommissie op aanbeveling van die Kuratorium waarvan dr Daan van Wyk jr. die voorsitter en dr Johan Otto die ondervoorsitter was.²⁹ Geen teenstemme is aangeteken nie. Drie jaar later in 2010, toe die Algemene Kerkvergadering ons verklaring dat apartheid onevangelies is as sinodale besluit aanvaar het, het konsternasie ontstaan. Beswaardes het afgeskei en dwaalleer is agter die anti-apartheidsverklaring gesoek. *Fatherless*, wat toe reeds 'n dekade oud was, het die middelpunt van beswaarskrifte geword.

Was die skryf van *Fatherless in Galilee: Jesus as Child of God* belangrik? Ja, dit was vir my persoonlik belangrik – my lewe is nie sonder Jesus denkbaar nie. Ja, dit was vir die kerk belangrik – ons kan nie sonder Jesus-studies kerk wees nie. Ja, dit was vir die teologiese wetenskap belangrik, want die verkondiging van Jesus is die kern van die Bybelse boodskap wat Sondag na Sondag gepreek word.

Wat die akademiese bydrae van *Fatherless* betref,³⁰ is daar op grond van my werk 'n gesamentlike projek tussen New York Universiteit en Yale Universiteit aangepak en 'n boek, getiteld *Growing up Fatherless in Antiquity*, is in 2009 deur Cambridge University Press (onder redakteurskap van Sabine R. Hübner en David M. Ratzan) gepubliseer, het kollegas van Princeton, Groningen/Amsterdam en ook Suid-Afrika hoofstukke in boeke aan *Fatherless* afgestaan, is paneelbesprekings oor die boek by internasionale en nasionale akademiese konferensies gereël, het verskeie positiewe resensies, verwysings en

29. Dr van Wyk is tans voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika en dr Otto het in 2013 as predikant van die Hervormde Kerk bedank en is tans die voorsitter van die sogenaamde 'steedsHervormers'.

30. Kyk onder andere na Miller (2003:324) en Gowler (2007:189).

aanhalinge daaruit in boeke en artikels in internasionaal erkende tydskrifte verskyn, is *Fatherless* by die Universiteit van Toronto, die Princeton Theological Seminary en die Johannes Gutenberg Universiteit van Mainz voorgeskryf. Self het ek nooit die boek aan studente voorgeskryf nie.

Hoe sal ek die belang van my boek beskryf? 'n Bekende teoloog van die twintigste eeu, Rudolf Bultmann, het oor sy Jesus-boek wat 'n reuse bydrae tot die Bybelwetenskap gelewer het, gesê dat hy dit eintlik maar vir homself geskryf het. Die belang van Jesus is 'n baie persoonlike saak. Dit is ook so in my geval.

Wat in my matriekjaar begin het toe my Pa my gemaak het teen mense (wat later meegehelp het om die Herstigte Nasionale Party te stig) wat besig was om 'n houvas op die Hervormde Kerk te kry, het vanjaar in 2012 die volle sirkel voltooi, meer as 10 jaar na die skryf van *Fatherless*. Die oorblyfsel van hierdie HNP-teoloë in die Hervormde Kerk gebruik net soos in die sestigerjare kritiese eksegeese as motivering om hulle teësin teen sosio-politieke verandering in Suid-Afrika en die evangeliese eis van sosiale en postnasionale inklusiwiteit uit te druk. Die tragiese is dat sommige behoudende Bybelsgesinde gelowiges in al die susterskerke nou deur hierdie regse ideologie, gekamofleer as behoudende teologie, meegesleur word.

Die Kerkhervorming het op 31 Oktober 1517 begin met Martin Luther wat verklaar het dat die *soeke na Christus* die onderbou is van die uitspraak dat die mens alléén op grond van geloof in God sal lewe. Vanaand, 31 Oktober 2012, verklaar ek dat dit ook my bevinding was in my *Fatherless Jesus, Child of God*, naamlik dat die hart van die historiese Jesus se verkondiging daaruit bestaan dat waaragtige lewe alléén op grond van geloof moontlik is. So het Jesus geleer en geleef. So het Paulus gesê. So het Luther gesê. So sê Van Aarde.

Ja, wat op 'n servet in 'n motel in Nevada neergeskryf is, is vir my belangrik. Dit lyk my dit is ook vir ander mense belangrik, hoewel ek *Fatherless* nie vir hulle geskryf het nie. 'n Voorbeeld is die digteres Lina Spies wat vertrou in die kerk begin verloor het en haar 'skaar by alle gemarginaliseerdes op die kantlyn buite die geïnstitutionaliseerde godsdiens wie se pyn ek self ook voel: die heteroseksuele wat in 'n getroue, liefdevolle vaste verhouding ongetroud leef, die gays in 'n liefdesverhouding en enkellopend, diegene wat nie ongelowig geword het nie, maar alles anders glo' (Spies 2013:3).³¹ Met haar gedig, 'Ontdaan',³² wat sy aan my opgedra het, stroop sy haar geloof van al die kerklike tierlantyntjies om Jesus as die menslike gesig van God weer te kan raaksien.

31. Ek word dikwiel persoonlik kwalik geneem, soos tydens vraetyd na my openbare lesing op 31 Oktober 2012, en weer tydens my besoek aan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se Ring van Makwassie op Wolmaransstad op Sondag 17 Maart 2013, dat die bekende professor in Afrikaans en Nederlands en bekoonde digteres, Lina Spies, 'n voorbeeld is van iemand wat op grond van die lees van *Fatherless* 'ongelowig' en 'buitekerklik' geraak het. In my openbare lesing het ek nog gesê: 'Lina Spies wat vertrou in die kerk begin verloor het, maar op grond van *Fatherless* terug is in die kerk, weliswaar op haar manier'. Op Sondag 24 Maart 2013 skryf die Sondagkoerant Rapport dat sy haar formeel buite die kerk as instituut bevind (Spies 2013, 'Ek los nou die kerk', in 'Weekliks debat', Rapport 24 Maart, bl. 3). Tydens die oorhandiging van 'n *Festsschrift* aan my by die Universiteit van Pretoria by geleentheid van my 60ste verjaarsdag is Lina Spies op my uitnodiging die gewaardeerde geleentheidspreker, 'n rede wat in HTS Teologiese Studies gepubliseer is (vgl. Spies 2012, 'Spiritualiteit en poësie: Om te ontmoet en te soek').

32. Lina Spies ([2008] [2010] 2011), 'Ontdaan/Unsettled', gepubliseer in Tydelose Gety, bl. 68–69, en in *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 67(1).

Om *Fatherless* toe te laat om dit met jou te doen, is om bereid te wees dat die boodskap van Jesus as die Seun van God jou uitdaag om grensloos lief te hê en om as kerk van Christus *almal* in te sluit – mense van verskillende herkoms, ouderdom en geslag, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ongeag of hulle getroud, geskei, weer getroud of enkellopend is.

Solus Christus – sola gratia, sola fidei, sola Scriptura – soli Deo gloria

Erkenning

'n Deel van hierdie artikel is aanlyn gepubliseer in die *e-Hervormer* se rubriek 'Teologiese gesprekforum'. Hierdie deel is nou uit dié gesprekforum gehaal.

Mededingende belange

Die outeur verklaar dat hy geen finansiële of persoonlike verbintenis het met enige party wat hom nadelig kon beïnvloed het in die skryf van hierdie artikel nie.

Literatuurverwysings

- Allison, D.C., 1993, *The new Moses: A Matthean typology*, Fortress, Minneapolis, MN.
- Bultmann, R., [1926] 1988, *Jesus*, Neuausgabe, J.C.B. Mohr (Paul Siebeck), Tübingen.
- Bultmann, R., [1951] 1952, 'Das christologische Bekenntnis des Ökumenischen Rates', in R. Bultmann (ed.), *Glauben und Verstehen: Gesammelte Aufsätze*, Zweiter Band, pp. 246–261, Mohr, Tübingen.
- Bultmann, R., [1960] 1965a, *Das Verhältnis der urchristlichen Christusbotschaft zum historischen Jesus*, 4. Auflage, Carl Winter Universitätsverlag, Heidelberg (SHAW 3).
- Bultmann, R., 1965b, 'Antwort an Ernst Käsemann', in R. Bultmann (ed.), *Glauben und Verstehen*, IV, pp. 190–198, Mohr, Tübingen.
- Capps, D., 1992, 'The desire to be another man's son: The child Jesus as an endangered self', in R.K Fenn & D. Capps (eds.), *The endangered self*, pp. 21–35, Princeton: Center for Religion, Self and Society, Princeton Theological Seminary, Princeton, NJ (Monograph Series 2).
- Coggins, R.J., 1975, *Samaritans and Jews: The origins of Samaritanism reconsidered*, John Knox Press, Atlanta, GA.
- Crouter, R., 2005, 'Revisiting Dilthey on Schleiermacher and biography', in F. Schleiermacher (ed.), *Between enlightenment and romanticism*, pp. 21–38, Cambridge University Press, Cambridge. <http://dx.doi.org/10.1017/CBO9780511616211.002>
- Edinger, E., 2007, 'Biblical personalities: Moses and Jesus', in W.G. Rollins & D.A. Kille (eds.), *Psychological insight into the Bible*, pp. 138–157, Eerdmans, Grand Rapids, MI.
- Esler, P.F. 2005, 'The context group project: An autobiographical account', in L.J. Lawrence & M.I. Aguilar (eds.), *Anthropology & biblical studies: Avenues of approach*, pp. 46–61, Deo Publishing, Leiden.
- Funk, R.W. & Hoover, R.W. (and the Jesus Seminar), [1993] 1997, *The five gospels: The search for the authentic words of Jesus*, Macmillan Publishing Company, New York (A Polebridge Book).
- Funk, R.W. (and the Jesus Seminar), 1998, *The acts of Jesus: What did Jesus really do?*, HarperSanFrancisco, San Francisco, CA (A Polebridge Book).
- Gabler, J.P., [1787] 2004, 'An oration on the proper distinction between biblical and dogmatic theology and the specific objectives of each', in B.C. Ollenburger (ed.), *Old Testament theology: Flowering and future*, Eisenbrauns, Winona Lake (Sources for Biblical and Theological Studies).
- Geyser, P.A., 1999, 'Die hermeneutiese uitgangspunte in die "nuwe historiese" benadering tot Jesus-studies', DD-proefskrif, Department Nuwe-Testamentiese Wetenskap, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Gowler, D.B., 2007, *What are they saying about the historical Jesus?*, Paulist Press, New York.
- Hübner, S.R. & Ratzan, M. (eds.), 2009, *Growing up fatherless in antiquity*, Cambridge University Press, Cambridge.
- Huskinson, J., 1996, *Roman children's sarcophagi: Their decoration and its social significance*, Clarendon Press, Oxford.
- Huskinson, J., 1997, 'Iconography: Another perspective', in B. Rawson & P. Weaver (eds.), *The Roman family in Italy: Status, sentiment, space*, pp. 233–238, Clarendon Press, Oxford.
- Jackson, N., 2009, 'Teoloë kap König oor sy nuwe boek', *Beeld*, 18 April, besigtig op 26 Maart 2013, by http://jv.news24.com/Beeld/Suid-Afrika/0,,3-975_2498899,00.html
- Jackson, N., 2000a, Bybelverhale van vaderlose Jesus 'nie letterlik waar', *Beeld*, 06 Oktober, bl. 9.
- Jackson, N., 2000, 'Die groot soektoeg na die ware Jesus', *Beeld*, 13 Oktober, bl. 9.

- Jackson, N., 2002, 'Op soek na Jesus in 'n boeke-woud', *Beeld*, 22 Maart, bl. 11.
- Kähler, M., [1896] 1969, *Der sogenannte historische Jesus und der geschichtliche, biblische Christus*, Neuherausgegeben von E. Wolf, 4. Auflage, Kaiser Verlag, München (TB Band 2, Systematische Theologie).
- Käsemann, E., [1954] 1960, 'Das Problem des historischen Jesus', in E. Käsemann (ed.), *Exegetische Versuche und Besinnungen*, Erster Band, pp. 187–214, Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen.
- Kleijwegt, M., 1991, *Ancient youth: The ambiguity of youth and the absence of adolescence in Greco-Roman society*, J.C.Gieben, Amsterdam.
- König, A., 2001, *Die helfte is my nooit oor Jesus vertel nie: 'n Kyk op die Een wat jou lewe verander*, Lux Verbi BM, Wellington.
- König, A., 2009, *Die evangelie is op die spel: Vind jou weg deur die huidige geloofsdoolhof*, Lux Verbi BM, Wellington.
- Le Roux, J.H., 2002, 'Andries van Aarde se vaderlose Jesus', *HTS Teologiese Studies* 58(1), 77–98. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v58i1.548>
- Le Roux, J.H., 2011, 'Andries van Aarde as historical Jesus scholar', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 67(1), Art. #1000, 14 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v67i1.1000>.
- Luther, M., [1522] [1963] 1990, 'Vorrede auf die Episteln S. Jacobi und Judae', in *WADB 7= Luther Deutsch. Die Werke Luthers in Auswahl, Bd.5.: Die Schriftauslegung*, herausgegeben von Kurt Aland, 4. Auflage, Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen (UTB 1656).
- Malan, J., 2008a, 'Final preparations to receive the New Age Christ', besigtig op 26 Maart 2013, by www.discerningtheworld.com/category/2.../andries-van-aarde-prof/
- Malan, J., 2008b, 'Verskyning en optrede van die Antichris', besigtig op 26 Maart 2013, by www.bibleguidance.co.za/.../Progressief.htm
- Meier, J.P., 1991, *A marginal Jew: Rethinking the historical Jesus, Volume One: The roots of the problem and the person*, Doubleday, New York.
- Miller, R.J., 2003, *Born divine: The births of Jesus and other sons of God*, Polebridge Press, Santa Rosa, CA.
- Montgomery, J.A., [1907] 1968, *The Samaritans: The earliest Jewish sect. Their history, theology and literature*, with an introduction by A.S. Halkin, KTAV Publishing House, New York.
- Moore, S.D., 1995, 'True confessions and weird obsessions: Autobiographical interventions in literary and biblical studies', *Semeia* 72, 19–50.
- Moxnes, H., 2012, *Jesus and the rise of nationalism: A new quest for the nineteenth-century historical Jesus*, I.B. Tauris, London.
- NG Kerk van Transvaal 2006a, Ring van Pretoria-Oos, 'Bevinding van ondersoekkommissie oor klag teen prof. Jurie Le Roux', besigtig op 24 Maart 2013, by www.kerkweb.org/node/1170
- NG Kerk van Transvaal, 2006b, 'Verklaring van die Kuratorium van die NG kerk van Transvaal aan die Algemene Sinode', besigtig op 07 Maart 2013, by www.ngkerk.org.za
- Pummer, R., 1987, *The Samaritans*, Brill, Leiden (Iconography of Religions 23,5).
- Schleiermacher, F.D.E., [1819] [1864] 1997, *The life of Jesus*, ed. J. C. Verheyden, reprinted, Sigler, Mifflintown.
- Schleiermacher, F.D.E., [1826] 1910, 'Über den Begriff des großen Mannes, am 24 Januar 1826', in *F. Schleiermacher, Werke: Auswahl in vier Bänden*, Band 1, pp. 520–531, Eckhardt, Leipzig.
- Schmithals, W., 1988, 'Nachwort', in R. Bultmann (ed.), *Jesus*, Neuausgabe, pp. 149–158, Mohr, Tübingen.
- Schweitzer, A., [1906] 1913, *Geschichte der Leben-Jesu-Forschung*, Zweite, neu bearbeitete und vermehrte Auflage des Werkes Von Reimarus zu Wrede, Mohr (Paul Siebeck), Tübingen.
- Schweitzer, A., [1913] 1948, *The psychiatric study of Jesus: Exposition and criticism*, translated and with an introduction by C.R. Joy and a foreword by W. Overholser, The Beacon Press, Boston, Mas.
- Schutte, P.J.W., 2005, 'When they, we, and the passive become I: Introducing autobiographical biblical criticism', *HTS Theological Studies* 61(1&2), 401–416.
- Smit, G., 2009, 'Adrio König skop ou stof op in Die evangelie is op die spel', in LitNET, besigtig op 26 Maart 2013, by cgibin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=66707
- Spangenberg, I.J.J., 2004, 'Om oor God te praat: 'n Kritiese oorsig van gesprekke onder Afrikaanssprekende Christene van die gereformeerde tradisie (1998–2003)', *Verbum et Ecclesia* 25(1), 274–293.
- Spies, L., [2008] 2011, 'Ontdaan/Unsettled', opgedra op 17 Mei 2008 aan Andries van Aarde en gepubliseer in *Tydlose gety*, Protea Boekhuis, Pretoria, pp. 68–69, 2010 (met toestemming van digter en uitgewer en in Engels vertaal deur Y. Dreyer), in Spies, L., 2011, 'Poem: Dedicated to Andries G. van Aarde by Lina Spies', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 67(1), Art. #1041, 1 page. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v67i1.1041>
- Spies, L., 2012, 'Spiritualiteit en poësie: Om te ontmoet en te soek', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 68(1), Art. #1209, 7 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1209>.
- Spies, L., 2013, 'Ek los nou die kerk', in 'Weekliks debat', *Rapport*, 24 Maart, bl. 3.
- steedsHervormers, 2012a, 'Inligtingstuk 2012: Historiese aanloop', besigtig op 26 Maart 2013, by www.Formaliserings vergadering - Steedshervormers.co.za
- steedsHervormers, 2012b, 'Persverklaring uitgereik deur die Hervormde Kerkvereniging op 2 Maart 2012', besigtig op 26 Maart 2013, by www.steedshervormers.co.za/Verklarings
- steedsHervormers, 2013, 'Bond van onafhanklike Hervormde kerke', besigtig op 26 Maart 2013, by www.Formaliserings vergadering - Steedshervormers.co.za
- Van Aarde, A.G., 1992, 'AS Geysers, teologiese dosent 1946–1961', *HTS Teologiese Studies* 61(1&2), 401–416.
- Van Aarde, A.G., 1994a, *Kultuurhistoriese agtergrond van die Nuwe Testament: Die eerste-eeuse Mediterreense sosiale wêreld*, Kital Uitgewers, Pretoria.
- Van Aarde, A.G., 1994b, 'Tracking the pathways opened by Willem Vorster in historical Jesus research', *Neotestamentica* 28(3), 235–251. (Special Edition).
- Van Aarde, A.G., 1994c, 'The epistemic status of the New Testament and the emancipatory living of the historical Jesus in engaged hermeneutics', *Neotestamentica* 28(2), 575–596.
- Van Aarde, A.G., 1995a, 'The "third quest" for the historical Jesus — where should it begin: With Jesus' relationship to the Baptist, or with the nativity traditions?', *Neotestamentica* 29, 325–356.
- Van Aarde, A.G., 1995b, 'The historical Jesus, the Jesus movement and the birth of the church', (original in Afrikaans), *HTS Teologiese Studies*, 51(3), 623–644.
- Van Aarde, A.G., 1996a, 'Historical Jesus research in perspective' (original in Afrikaans), *HTS Teologiese Studies* 52(2&3), 476–500.
- Van Aarde, A.G., 1996b, 'Kultuurkritiek, eerste-eeuse kulturele wysheid en die alternatiewe visie van Jesus van Nasaret', *HTS Teologiese Studies* 52(4), 838–849. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v52i4.1572>
- Van Aarde, A.G., 1997a, "'Jesus" father: The quest for the historical Joseph', *HTS Theological Studies* 54(1&2), 315–333.
- Van Aarde, A.G., 1997b, 'Social identity, status envy and Jesus' Abba', *Pastoral Psychology* 45(6), 451–472. <http://dx.doi.org/10.1007/BF02310645>
- Van Aarde, A.G., 1997c, 'Side-notes from Graeco-Roman and Hellenistic-Semitic literature to the notion "adopted as God's child" (*huiothesia*)', *Acta Patristica et Byzantina* 8, 150–172.
- Van Aarde, A.G., 1997d, 'Die konsep "Seun van God" in Grieks-Romeinse en Hellenistiese Semitiese literatuur', *HTS Teologiese Studies* 53(4), 1138–1161.
- Van Aarde, A.G., 1998a, 'Fatherless in first-century Mediterranean culture: The historical Jesus seen from the perspective of cross-cultural anthropology and cultural psychology', *HTS Theological Studies* 55(1), 97–119.
- Van Aarde, A.G., 1998b, 'Dekonstrusie van dogma: 'n Eietydse ondersoek na die spore van die leer van die twee nature van Jesus', *HTS Teologiese Studies* 55(2&3), 437–470.
- Van Aarde, A.G., 1999a, 'The historicity of the circle of the Twelve: All roads lead to Jerusalem', *HTS Theological Studies* 55(2&3), 795–826.
- Van Aarde, A.G., 1999b, 'Die relevansie van die historiese Jesus-ondersoek vir kerlike teologie', *HTS Teologiese Studies* 55(2&3), 549–571.
- Van Aarde, A.G., 2000a, 'The continued importance of Jesus', *The Fourth R: An Advocate for Religious Literacy* 13(1), 13–16.
- Van Aarde, A.G., 2000b, 'Understanding Jesus' healings', *Scriptura* 18, 1–19.
- Van Aarde, A.G., 2000c, 'Jesus and Joseph in Matthew's Gospel and other texts', *Neotestamentica* 35, 1–21.
- Van Aarde, A.G., 2000d, 'Jesus and Perseus in Graeco-Roman literature', *Acta Patristica et Byzantina* 9, 188–201.
- Van Aarde, A.G., 2001a, *Fatherless in Galilee: Jesus as Child of God*, Trinity Press International, Harrisburg, PA.
- Van Aarde, A.G., 2001b, 'Jesus – Kind van God, vaderloos in Galilea', *Verbum et Ecclesia* 22(2), 401–417. <http://dx.doi.org/10.4102/ve.v22i2.662>
- Van Aarde, A.G., 2001c, 'The cause of Jesus (*Sache Jesu*) as the canon behind the canon', *HTS Theological Studies* 57(1&2), 148–171.
- Van Aarde, A.G., 2002, 'Methods and models in the quest for the historical Jesus: Historical criticism and/or social scientific criticism?', *HTS Theological Studies* 58(2), 419–439.
- Van Aarde, A.G., 2003, 'Does historical Jesus research have a future?', *Verbum et Ecclesia* 24(2), 533–556. <http://dx.doi.org/10.4102/ve.v24i2.3>.
- Van Aarde, A.G., 2012a, 'Persoonlike korrespondensie aan ouderlinglid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika', Dave Lizamore, dave.lizamore@gmail.com.
- Van Aarde, A.G., 2012b, 'The legacy of Rudolf Bultmann: His most influential contribution in the 20th century', paper presented at The Westar Institute, SBL/AAR Annual Meeting, November 16–17, 2012, Chicago IL.
- Van Aarde, A.G., 2012c, 'Die hemelvaart van Jesus en sy koningskroon', *Die Hervormer*, Mei 2012, bl. 2–3, besigtig op 27 Maart 2013, by www.hervormer.co.za/images/Mei%202012.pdf
- Van Aarde, A.G., 2013a, 'A review – transnationalism: Halvor Moxnes on Jesus studies from Schleiermacher to Habermas', *Annali Di Storia Dell'Esegesi* 30(1), 193–234.
- Van Aarde, A.G., 2013b, 'Reading the "Christ Hymn" in Philippians in light of Paul's letter to the Romans', in G.J. Steyn (ed.), 2013, *Reflecting on Romans. Essays in honour of Andrie du Toit's 80th birthday*, Peeters Press, Leuven (Biblical Tools and Studies).
- Van Os, B., 2012, 'The problem of writing a psychobiography of Jesus', in J.H. Ellens (ed.), *Psychological hermeneutics for biblical themes and texts: A Festschrift in honor of Wayne G. Rollins*, pp. 84–06, T & T Clark International, London.
- Verheyden, J., 2011, 'A son in heaven, but no father on earth: A note in the margin of a "Tale of Two Kings"', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 67(1), Art. #928, 6 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v67i1.928>
- Wessels, F., 2006, 'Kind van 'n enkelma? Andries van Aarde se Jesus', in F. Wessels (ed.), *Wie was Jesus regtig? Oor die historiese Jesus*, pp. 159–165, Lux Verbi BM, Wellington.
- Wiedemann, T., 1989, *Adults and children in the Roman Empire*, Yale University Press, New Haven, CT.